

Preektema: Vir wie almal is die evangelie bedoel?

Woordbediening:

Romeine 1:8 tot 2:29

Inleiding

Met die voorafgaande kort uiteensetting in gedagte, moet ons nou by die detail kom. Ons kan tog nie die hele tyd bokant die bos in sirkels vlieg nie. In hoofstuk 1:28 tot 2:29 word vier groepe mense genoem wat baie beslis van God se verlossing uit genade moet hoor. **Oorkoepelend** word hulle genoem as die mense wat deur God oorgegee is “aan hulle verdraaide opvattinge, sodat hulle doen wat onbetaamlik is” (1:28).

In besonder word hulle nou in vier verskillende groepe verdeel:

Die wat self oortree

“Hulle is die mense wat die verordening van God ken dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien” en tog doen hulle dit self. Die beskrywing van “sulke dinge” kry jy in verse 29 tot 31. Dink maar aan die sterk aandrang in dat die doodstraf weer in ons land ingestel moet word. Tog, as ons aan dit wat Jesus geleer het vashou, verdien ons almal die doodstraf (Vgl. Mat 5:22), omdat ons nog steeds “sulke dinge” doen.

Die wat die oortreding goedkeur

“...tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen” (1:32). Dit gaan hier oor “deler is so goed as die steler” of stilswyend dinge goedkeur deur dit maar te aanvaar, sonder om mense reg te help of selfs agteraf mense te beny vir die dinge wat hulle regkry sonder om gevang te word!

Die wat ander veroordeel

“Daarom is daar vir jou geen verontskuldiging nie, vir jou, mens wat ’n ander veroordeel, wie jy ook al is” (2:1). Is dit nie tipies nie? Wanneer ek ’n ander veroordeel vir sy foute, raak ek so maklik blind vir my eie foute. Wat

Jesus geleer het oor die splinter in die oog van my broer en die balk en my eie oog is duidelik hier van toepassing (vgl. Mat 7:3 e.v.).

Die wat ander leer

“Jy is oortuig daarvan dat jy ’n gids vir blindes is, ’n lig vir dié wat in duisternis is, ’n leermeester van dié wat onkundig is...”(2:19). Hierdie is seker die gevaarlikste posisie om in te wees. Jy kan jou so maklik verbeel dat jy self toepas wat jy vir ander leer, maar intussen is jy volgens Jesus ’n vals profeet wat aan sy vrugte geken word (Mat 7:16). Een van die verwyte wat dikwels teen “kerkmense” gehou word, is dat hulle self nie doen wat hulle vir ander leer nie.

Hierdie vier groepe het almal een ding in gemeen: ’n verdraaide opvatting oor hoe God se oordeel werk, daarom is daar vir almal dieselfde redding nodig: die evangelie van God, dié krag van God, redding vir elkeen wat glo, eerste vir die “Jood”, maar ook vir die “nie-Jood”.

’n Klein bietjie hulp vir tuisstudie.

Wanneer ’n mens die brief aan die Romeine bestudeer moet jy altyd jou oog op die groot en duidelike merkers hou, sodat die detail nie vir jou ’n bos word waarin jy kan verdwaal nie.

Wat is die hoofsaak?

Dit gaan oor “die evangelie van God”, die goeie nuus oor en van God wat in die hele wêreld verkondig moet word.

- Dis Paulus se lewenstaak as dienskneg van Christus (1:1)
- Dit handel oor Jesus, Seun van God, wat ook nakomeling van Dawid is (1:3)
- Dis ’n krag van God tot redding vir elkeen wat glo (1:17)
- Want ons beleef ook God se toorn oor al die goddeloosheid (1:18 e.v.)
- Trouens, daar is nie een mens wat die wil van God (kan) doen nie (3:10 e.v.)
- Die enigste uitweg is om “op grond van sy genade vrygespreek (te word) vanweë die verlossing deur Jesus Christus”.(3:24)

Wie is die eerste lesers?

Die eerste lesers word duidelik beskryf as: "...almal in Rome vir wie God liefhet en wat Hy geroep het om aan hom te behoort."(1:7) Paulus is egter bewus daarvan dat hierdie lesers uit verskillende groepe bestaan, en dat hierdie groepe elkeen hulle eie gevestigde siening het van hoe 'n mens se saak "reg" kan wees met God.

- Party is Jode, "besnedenes", hulle vertrou op hulle wetsgehoorsaamheid.
- Ander is nie-Jode, onbesnedenes, hulle vertrou op hulle eie insig en kennis.

Wat is die doel van die brief?

In kort gestel is die doel van die brief dieselfde is die doel van die res van die Skrif:

- Dat mense God en die wil van God reg leer ken deur Christus te ken (1:4).
- Dat die gemeente van God opgebou word in hulle geloof en geleer word om as een liggaam van Christus te lewe (1:6).
- Dat hulle toegerus word om God se boodskap verder uit te dra, selfs na "die heidennasies", waarvoor Paulus self ook geroep is (1:5).

NB: Gebruik gerus hier opsomming in u tuis studie om die inhoud van die brief beter te verstaan. Vertrou op die Heilige Gees vir insig en leiding.